Provinsie van die
OOS-KAAP
ONDERWYS

Steve Vukile Tshwete Onderwys Kompleks • Sone 6 Zwelitsha 5608 • Privaatsak X0032 • Bhisho 5605
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

## HOOFDIREKTORAAT – KURRIKULUM BESTUUR

# GRAAD 12 LEERDER ONDERSTEUNINGSPROGRAM

## HERSIENING AND REMEDIËRENDE ONDERRIG INSTRUMENT: ANTWOORDE

## VAK: RELIGIESTUDIES – EERSTE VRAESTEL

**Junie 2009**

**Hierdie dokument bestaan uit 8 bladsye.**

***Streng gesproke nie vir toets/eksamen doeleindes nie.***

**VRAAG 1**

1.1

1.1.1 Identiteit beteken:
- Individualiteit
- Persoonlikheid
- Erkenning van wie ek is, ons is en wie andere is. (2)

1.1.2 Eenheid beteken:
- Harmonie of samehorigheid tussen persone, religieë, ens.
- Vreedsame naasbestaan van religieë.
- Dit kan ook die eenheid van alle religieë beteken. (2)

1.1.3 Vergelykbaarheid beteken:
- Dat daar twee of meer sake is wat vergelyk kan word.
- Dat twee of meer dinge geskik is om te vergelyk of werd is om te vergelyk. (2)

1.1.4 Ooreenkoms beteken:
- Om soortgelyk te wees.
- Om ŉ eendersheid te toon.
- Van dieselfde aard, natuur, hoeveelheid, vorm, ens. te wees. (2)

1.1.5 Verskil beteken:
- Teenoorgestelde van eendersheid.
- Om anders te wees.
- Nie dieselfde te wees nie. (2)

1.2

1.2.1 Ja.
- Dit bevat historiese en metaforiese materiaal.
- Hulle is nie altyd letterlik waar nie. Met ander woorde hulle is nie feitlike weergawes nie. Maar is veronderstel om geestelike waarhede oor te dra.
- Dit word gebruik om die skepping van die heelal te verduidelik. (4)

1.2.2 Doktrine
- Dit het te doen met die essenseële waarhede (geestelike) van ŉ religie.
- Dit is ŉ voorskriftelike lering en kan nie bevraagteken word nie.

1.2.3 Geloof

- Geloof is die fondament wat mense bymekaar bring vir ŉ gemeenskaplike doel en hulle help om ŉ gedeelde identiteit te skep.
- Geloof mag die aanvaarding van ding, ŉ feit, ŉ verklaring of ŉ lering.
- Mag ŉ ferm opinie, beteken.
- Dit beteken ook vertroue en vasberadenheid. (4)

1.2.4 Ideologie

- Dit het te doen met die handhawing van oorheersende wêreldsieninge wat menings oor alle vorme van bestaan vorm.
- Hulle word toegepas deur die dominante groepe wat oor mag beskik. (4)

1.3
- Sunni
- Shi'ite (4)

1.4

1.4.1 Islam (2)

1.4.2 Christendom (2)

1.4.3 Hindoeïsme (2)

1.4.4 Judaïsme (2)

1.4.5 Baha'I (2)

1.5

1.5.1 Ateïsme (2)

1.5.2 Agnostisisme (2)

1.5.3 Monoteïsme (2)

1.5.4 Teïsme (2)

1.5.5 Politeïsme (2)

**[50]**

## VRAAG 2

2.1
- Die tradisionele geneser (inyanga) is primêr ŉ geneser.
- Hy/Sy behandel mense met kruie.
- Hy/Sy behandel mense met natuurlike medisyne.
- Die goddelike (sangoma) is basies besorg oor die goddelike.
- Hy/Sy is ook besorg met die bemiddeling tussen die voorvaders en die lewendes.
- Die isangoma mag ook sekere funksies van die tradisionele geneser (inyanga) verrig. (10)

2.2

2.2.1 God is roekeloos.
- Hy gee nie mense ŉ geleentheid om te argumenteer oor die dood nie.
  OF God is regverdig.
- Hy onderskei nie tussen mense op grond van ouderdom, siekte, rykdom of armoede nie. (4)

2.2.2 Hy kommunikeer deur Chukwu.
Kommunikeer ook deur die dood. (4)

2.2.3
- Mense werk gewoonlik deur ŉ boodskapper na God.
- Baie religieë het rolle soos priesters, imams, leraars, leiers, ens. deur wie die volgeling toegang tot God kry.
- Christene verkry toegang tot God deur Jesus Christus.
- Ander mense kry toegang tot God deur ŉ verskeidenheid heilige objekte en rituele.
- Sommige glo dat hulle deur gebede direk toegang tot God kry. (8)

2.2.4
- Die Christendom, Islam en Judaïsme sien die dood as straf vir ŉ gevalle wêreld.
- Hulle glo dat daar ŉ beter wêreld op gelowiges wag.
- God probeer steeds om die onsterflikheid van die mens te herstel.
- Daar word onderskei tussen ŉ eerste dood (fisiese) en ŉ tweede dood (geestelike).
- Die lewe gaan dus aan na die graf.
- Hindoeïsme en Boeddhisme sien die dood as deel van ŉ natuurlike siklus van geboorte en hergeboorte.
- Sommige glo dat die siklus eindig wanneer die individu ŉ sekere staat of vlak van bewusteloosheid bereik het.
- Hulle glo in reïnkarnasie. (12)

2.3 Skeppingsmite; Dit verklaar die oorsprong van die wêreld. (4)
Grondliggende mite (stigtingsmite); Dit beskryf die lewe van die grondlegger van die mite. (4)
Apokaliptiese mite; Dit beskryf die einde van die wêreld. (4)

**[50]**

**VRAAG 3**

3.1

- Dit was mondelings oorgedra.
- Die verhaal was later in die Ou Testamentiese manuskripte opgeneem.
- Die Ou Testamentiese geskrifte was versigtig saamgestel tot dat dit deel van die Bybel geword het. (4)

3.1.2 Om te leer oor die voortdurende stryd tussen goed en kwaad. (2)

3.1.3

- Dawid het geglo dat die kwaad nie die goeie kan oorwin nie.
- Hy het nie Saul se wapensrusting nodig gehad om die kwaad te verslaan nie.
- Hy het slegs vir God nodig gehad. (6)

3.1.4

- ŉ Mite is ŉ storie van bonatuurlike wesens van die vroeë tye wat deur mense geglo word.
- Dit verduidelik hoe ongewone natuurlike verskynsels en sosiale gewoontes ontstaan het.
- Mites was bedoel om aanhoudend oor te vertel word.
- Die word gebruik om die dieper betekenis van die lewe te verduidelik.
- ŉ Storie is ŉ weergawe van gebeure, ondervindings, ens.
- Die doen van ŉ verhaal is morele lewe.
- Mites en verhale gee verslag oor verskillende religieë.
- Dit help mense om hul kultuur en religieë te verstaan. (10)

3.1.5

- Dawid verteenwoordig die goeie en God.
- Hy weier om die wapenrusting van Saul aan te sit, wat hy het op God se krag staatgemaak om Goliat te verslaan. (4)

3.1.6

- Dawid was jonk en klein, maar sy bron van krag was God (die goeie).
- Goliat was groot en sterk en sy bron van krag was homself (die kwaad). (4)

3.2

3.2.1
- Dat ŉ goddelike wese (god, God of gode) die aarde geskep het.
- Dat bestaan op aarde ŉ spesifieke doel het.
  Dat daar ŉ verhouding tussen menslike wesens en ŉ spesifieke opperwese of ŉ verhouding tussen menslike wesens en spesifieke gode is.
- Dat mense verhewe bo ander skepsels is. (6)

3.2.2
- Ateïsme is ŉ wêreldbeskouing wat die bestaan van goddelike wesens of opperwese ontken.
- Daar is twee vorme van ateïsme.
- Naamlik die sagte (neutraal) ateïsme en die sterk (positiewe) ateïsme.
- Sommige ateïste redeneer dat dit nie logies is om te glo in ŉ goddelike of opperwese nie.
- Omdat daar geen bewyse is dat sodanige wesens mag bestaan nie.
- Hulle wend hulle gewoonlik tot die wetenskap om die aard van die wêreld en die heelal te verduidelik eerder as om op geloof te steun.
- Vir sommige ateïste verskaf die evolusieteorie voldoende bewyse dat geloof nie lewe op aarde verduidelik nie. (8)

3.2.3
- Kreasionisme verwys na die siening dat die verhaal van die skepping deur God soos deur die heilige boeke vertel word as die letterlike waarheid aanvaar moet word.
- Daarvolgens is daar geen twyfel dat God die heelal as deel van sy heilige plan vir die mensdom geskep het nie.
- Die drie geskrifte stem saam dat God die heelal op ŉ gegewe tyd geskep het.
- Hulle verwerp geheel en al die idée van menslike evolusie.
- Vir hulle was Adam die eerste mens wat God geskep het. Daarom is dit onmoontlik dat menslike wesens uit laer vorme van lewe ontwikkel het.
- Vir hulle om die evolusieteorie te aanvaar, sou impliseer dat ook ander gelowe en leringe nie staande sal bly nie. (6)

**[50]**

## VRAAG 4

4.1

4.1.1 Die Jamaitul het gereageer deur die Moslems te vra om vreedsaam te protesteer. (2)

4.1.2
- Die media behoort die sensitiwiteit van individue en gemeenskappe te respekteer.
- Die media moet haar weerhou van aksies wat as haatspraak geeïnterpreteer kan word. (4)

4.1.3 Die rede vir die impromptu boikot van die *Sunday Times* was omdat die koerant die versekering gegee het om nie die spotprente van Profeet Mohammed te publiseer nie. (2)

4.1.4
- Die leerder moet bewys lewer dat hy/sy die basiese vereistes (die reg op vryheid van spraak; en die verantwoordelikheid om verdraagsaamheid te bevorder) vir die regte balans goed verstaan.
- Die reg op vryheid van spraak mag nooit gebruik word om die sensitiwiteit van 'n religie te na te kom nie. (4)

4.1.5
- Ja. Dit verteenwoordig beide kante van die konflik.
- Ons kan kyk na die inligting wat wys op die perspektiewe van die koerante en ook verwys na die inligting wat wys na die perspektiewe van die Moslem gemeenskap. (4)

4.1.6 Die Deense ambassadeur in Suid-Afrika reageer deur die woede van die plaaslike Moslems aan die Deense regering oor te dra en die Moslem leiers in Suid-Afrika te verseker dat daar geen intensie was om die Moslems te beledig nie. (2)

4.1.7 Die uiting gee aan woede het die polisie genoodsaak om die veiligheid by Deense missies in Suid-Afrika op te skerp. (2)

4.1.8
- Die brief moet toon hoe belangrik vryheid van spraak, soos vervat is die grondwet, is.
- Vrye spraak moet nie gebruik word om neerhalend van ander religieë te praat nie.
- Vrye spraak moet ook nie gebruik word om haat, gebaseer op religie, te verkondig nie.
- Jy moet respek en waardering vir die geloof van ander toon.
- Vryheid van spraak moet nie moedswillig gebruik word nie omdat dit die volgelinge van 'n spesifieke religie kan beledig en tot konfrontasie en geweld kan lei. (10)

4.2

4.2.1
- Armoede
- Hoë voorkom van MIV/Vigs (2)

4.2.2
- Dood van ouers.
- Geen naasbestaande om te help nie. (4)

4.2.3 Ja
- Arm mense vaardighede aanleer om voedsel te produseer, basiese gesondheidsorg en
- geleenthede sodat hulle in hul eie behoeftes kan voorsien.
- Religieë en besighede moet handevat om sulke projekte na die mense te bring, en dus kyk na langtermynvoordele om hulp aan armes te verleen.
- Liefdadigheid deur die jaar asook tydens feeste soos die Hindoes, Christene, Jode, Moslems, ens. maak.
- Volgelinge van Jesus moet deur hul leefwyse hul besorgheid uitleef.
- Arms mense moet met waardigheid as medemense behandel word. (10)

4.2.4
- Dit bring mense met verskillende oortuigings en belange bymekaar en laat hulle toe om die geskiedenis te vier en te onthou.
- Dit versterk die groepsbande wat plaasvind in families, in skole, binne religieuse organisasies of nasionaal. (4)

**[50]**

**TOTAAL: 150**